Tema: God bou self die kerk op deur leiers na vore te laat tree om die gemeente te lei en middele om die werk te doen. Vertrou en volg Hom.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 477:1, 2
Lied 486: 1, 4
Molen Korus

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 122-2: 1
Votum
Seën
Loflied Sb 11-1: 1, 2, 5, 11 (Mel Sb 9-1)
Geloofsbelydenis: Heidelbergse Kategismus: Sondag 21

Ons verootmoedig ons voor God Wet:
Galasiërs 5: 13 – 26
Sing Ps. 119-1: 63 (eerste mel)
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Verduidelik verband ts oggend en aanddiens
Skriflesing: Esra 1: 5 - 11
Efesiërs 2: 19 - 22 en 4: 11 - 13
Teksverse: Esra 1: 5
Sing Lied 478: 1, 2, 3 (Kleuters na hulle bediening)
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Molen Korus (2 liedere)
Sing: Ps. 147-2: 1, 4 (Eerste mel)
Seën
Amenlied: Sb 13-3

Geliefde brs en srs en kinders

Is jy ook besorg oor die stand van die kerk en van ons eie gemeente? Sien jy ook die impak van die afval wat besig is om plaas te vind?

Dit is nou al ‘n aantal jare waarin ons waarneem dat mense toenemend hulle rug op die kerk draai en ‘n wêreldse lewe begin lei. Ons het dit intens beleef in die jare na 1994 toe die politieke, ekonomies en maatskaplike verandering in ons land gekom het. Dit was en is egter nie net ‘n tendens wat in Suid-Afrika voorgekom het nie – dit is ‘n wêreldwye verskynsel. Meer en meer mense draai hulle rug op God en op godsdiens en die kerk. Die Pandemie, wat nog besig is om homself uit te speel, het nuwe stukrag aan hierdie beweging weg van die kerk gebring.

Sommige gelowiges meen ons moet dit sien teen die agtergrond van die Skrif wat sê dat soos wat die Wederkoms nader kom, die afval van geloof al hoe groter sal word. Hulle meen dit is ‘n teken van die eindtyd en die kerk hoef nie op te tree nie..

Maar brs en srs, ons kan egter nie net agteroor sit en niks doen nie! Ons moet ook nie toelaat dat hierdie tendens ons as kerk moedeloos maak nie. Nee – die Here roep ons om met alle ywer die kerk op te bou! Veral as daar ‘n tyd van geweldige verval is. Dan moet ons met nuwe ywer werk aan die opbou van die kerk en die uitbreiding van God se koninkryk. Hierdie boodskap het met ons afgelope Fokustyd baie duidelik na vore gekom.

En die wonderlike troos en bemoediging van die Here in die boek Esra is dat God self die kerk opbou! God is in beheer en Hy bou sy kerk! Hy neem dit inisiatief!

Ons sien dit vanmore so duidelik in ons teksverse! Die eerste wat die Here doen is om leiers na vore te laat tree om die gemeente te lei en tweedens voorsien die Here self ook die middele voorsien wat nodig is om die kerk weer op te bou! En daarom roep die Here ons om Hom te vertrou en aan die werk te spring!

Brs en srs, onthou julle nog hoe ons verlede Sondag verstom gestaan dat God by magte is om die magtigste heerser van daardie tyd as instrument te gebruik. (wys kaart) Daar staan letterlik: Die Here het Kores “opgewek” of “sy gees geroer” en toe neem hy die besluit om die volk te laat terugkeer! Die Here laat dit gebeur!

Net so lees ons hier in vers 5 dat die Here die leiers van Juda se gees geroer of opgewek het om die besluit neem om na Jerusalem terug te gaan. Die Here bou self sy kerk – en Hy begin deur leiers gewillig te maak om die leiding te neem met die groot werk wat op hulle wag!

Brs en srs, net soos baie gelowiges vandag doen, kon hierdie mense ook besluit het dat hulle nie kans sien vir dit voorlê nie! Hulle sal hulle lewe in Babel moet opgee, dit wat hulle as ballinge oor baie jare uit niks opgebou het. Hulle sal ‘n gevaarlike reis van ongeveer 1200 km moet onderneem en dan die uiterste moeilike omstandighede in Jerusalem moet hanteer. Hulle kon ook besluit het om hulle eie belange voor die roeping van die Here te stel.

Maar die Here werk deur sy Gees in hulle hart om te doen wat die Here Jesus ons in Matteus 6 geleer het: soek eers die koninkryk van God en God sal sorg vir jou lewe! Dis die geloof wat God deur die Heilige Gees in hulle harte gewerk het. Jeremia profeteer van hierdie geloofsreaksie in Jer 50 : [4]Dan, daardie tyd, sê die Here, sal die Israeliete en die Judeërs saam vertrek. Hulle sal huil-huil loop en na die wil van die Here hulle God vra. [5]Hulle sal die pad vra na Sion toe, hulle sal hiernatoe kom en sê: “Kom ons bind ons aan die Here in ’n blywende verbond wat nie vergeet sal word nie.” En dis presies wat gebeur as die Gees van die Here hierdie leiers opwek.

Brs en srs, God is hier besig met verlossingswerk. Die volk word verlos uit Babel om terug te gaan sodat die kerk van die Here kan voortgaan. Sodat Christus gebore kan word en Hy die kerk finaal hier op aarde kan vestig! In Efesiërs 1 lees ons dat God Christus die hoof van die kerk gemaak het. Hy is die Leier wat God opwek en Hy word die hoeksteen van die kerk. Ons is die produk van Christus se opbouwerk aan sy kerk!

En die Here Jesus as hoof (leier) van die kerk werk vandag met presies dieselfde strategie as God in Esra! Ons het in Efesiërs 2 en 4 gelees dat Jesus die kerk bou op die fondament van die apostels en profete! Christus is die hoeksteen en die leiers is die fondament. Die Here Jesus wek vandag ook leiers op om sy kerk te lei! Geestelike leiers in predikante, ouderlinge, diakens, Geesvervulde mense wat Jesus met die Gees toerus om op verskillende maniere leiding neem en die gemeente toe te rus en op te bou!

Selfs ons kinders ken die konsep van leierskap! In die skool is daar mos ook leiers nê? Klasleiers, leerlingsraadslede, hoofseun en meisie of wat hulle ook al genoem word. Leiers wat saam met die personeel die bestuur van die skool doen! Net so gebruik God leiers in die kerk!

Daarom brs en srs, elkeen van ons wat die Here hier in ons gemeente in ‘n leiersposisie geplaas het: kom ons luister ook vandag na die Heilige Gees as Hy ons deur die hierdie teks oproep om ons werk as leiers in die gemeente te doen! Elke ouderling, elke diaken, elke diensgroepleier, elke kleingroepleier, elke kategeet, elkeen wat op een of ander manier leiding gee – kom ons luister as die Here vanmore ons gees kom roer!

Dat ons nie ons eie belange en ons eie behoeftes voorop stel nie, maar ernstig fokus om hierdie gemeente van die Here op te bou en te lei! Die Here het ons geroep en ons dra die eerste verantwoordelik! Ons moet eerste die inisiatief neem anders sal niks gebeur nie! Daarom is hierdie ‘n ernstige oproep van die Here vanoggend op elke leier:

Brs ouderlinge – ons moet met die Here se Woord in ons hand planne maak en in werking stel om die gemeente weer op te bou na dit wat in die Pandemie met ons gebeur het!

As die leiers nie opstaan, die voorbeeld stel, saamkom, gehoorsaam luister, besluite neem en optree nie, dan beweeg die gemeente nie! Kom ons skep moed met dit wat die Here vanmore openbaar naamlik dat Hy self sorg! Hy bou sy kerk en ons is instrumente in sy hand! Kom ons reageer op die roepstem van die Here en staan op om die werk te doen! Neem ons dienswerk ernstig op en werk toegewyd as ‘n span saam!

Brs en srs, die ontstellende waarheid is dat ons ‘n ernstige tekort aan geestelike leiers het! Op alle terreine is daar nog leiers nodig! En daarop gaan die Bedienings Diensgroep saam met die ouderlinge na die winter ‘n indringende bedieningsprogram van stapel stuur waardeur ons hoop die Here sal ook lidmate se gees roer en wakker maak soos Hy hier gedoen het, om leiers te stuur wat ons gemeente kan lei en toerus!

Die leiers van Juda het die roeping van God gehoor , die besluit geneem en opgestaan om die werk te begin en Juda terug te neem na Jerusalem!

Want die Here leer ons in die tweede plek: Hy voorsien aan dit wat ons nodig het! Ons lees in Esra 1: 6 dat Koning Kores bevel gee dat die mense van Babel geld en goedere en diere moet gee sodat die Jode hulle terugtog daarmee kan aanpak! En meer nog: die Here vervul sy belofte in Jeremia 28: 6 waar daar staan: Mag die Here bevestig wat jy as profeet gesê het en die voorwerpe uit die huis van die Here en al die ballinge na hierdie plek toe terugbring uit Babel.”

Die Here het die tempelgereedskap – dit wat in Jerusalem gebruik was om die God te dien – en wat Nebukadneser ongeveer 70 jaar gelede na Babel gebring het - dit het God daar in Babel bewaar, sodat dit teruggebring kon word op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het! Toe koning Belsasar van Babel uit God se goue bekers wyn gedrink het en fees gevier het met die goue borde van die tempel, het God hom nog daardie nag met die dood gestraf! God laat nie met Hom mors nie – dit wat vir sy diens gebruik moet word – daaroor hou Hy die wag en dit voorsien Hy!

En nou is die tyd gereed en daar word selfs ‘n lys opgestel van alles wat moet terug! Elke laaste stukkie gereedskap wat nodig is!

Geliefdes. ons het verlede Sondag ons gemeentelike begroting goedgekeur en ons kon met groot dankbaarheid getuig dat die Here in een van die moeilikste begrotingsjare ons gemeente met ‘n surplus laat afsluit het! Die Here voorsien! Hy sal dit hierdie jaar ook doen – daarom moet ons net die werk doen!

Brs en srs, die Here voorsien op maniere wat ek en jy nog nie eers gedroom het nie! Die Here voorsien aan alles wat ons as gemeente nodig het om sy diens op te bou en die gemeente uit te bou! Ons moet ons nie bekommer oor die middele wat ontbreek nie – God sal voorsien! Hy het immers reeds die belangrikste voorsien: Sy Woord en die Heilige Gees! Daarmee bou ons die kerk van die Here – nie met goud of silwer nie!

Geliefdes, ín ‘n tyd toe dit gelyk het of die kerk tot niet gaan, tree God self op en begin die herstel van sy kerk. Hy bou self sy kerk. Hy gee die leierskap en die nodige middele. Kom ons vertrou dan die Here en volg Hom wanneer ons vandag weer roep om sy kerk weer op te bou! Die Here neem die inisiatief, kom ons vertrou Hom en kom ons volg Hom op die pad van herstel.

Amen